

# SPOOG MET JOU SONBRUIN...

... in dié wit, geriffelde V-halstrui wat baie maklik is om te brei



**BENODIGDHEDE:** 13(13; 14; 15) bolle Twilley's Lyscordet (25 g elk); een paar elk breinaalde van 2,25 mm en 2,75 mm.

**MATE:** Om borsmaat van 81(86; 91; 97) cm te pas, lengte 58(59; 60; 61) cm, mounaat 34 cm.

**SPANNING:** 15ste en 22 rye = 5 x 5 cm.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); alt - alterna-

tiewe; beg - begin; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; vlg - volgende; pat - patroon; tgso - trek glijpsteek oor; oorbl - oorblywende; tes - tesame; g vt - garing vorentoe; gon - garing oor naald; grn - garing rondom naald; herh - herhaal; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rs - reksteek (= brei alle rye regs); gs - glijpsteek; adl - agter deur lus; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs).

**AGTER- EN VOORPANT (eenders):** Met 2,25-mm-breinaalde stel 128(140; 146; 158) ste op.

Brei 10 cm rif.

Slaan oor na 2,75-mm-breinaalde en pat.

**1e ry:** aw 2, (r2 tes, g vt, r 2, aw 2) tot einde.

**2e ry:** r 2, (aw2 tes, grn, aw 2, r 2) tot einde.

Dié 2 rye vorm die pat.

Herh dit tot werk 38 cm lank is, eindig na 2e pat-ry.

**MOUE EN HALS: Vlg ry:** Stel 96 ste op, pat oor die ste, pat 64(70; 73; 79) draai, plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Brei voort op eerste stel ste.

**1e ry:** r 1, aw2 tes adl, pat tot einde.

**2e ry:** pat tot laaste 2 ste, r 1, aw 1.

**3e ry:** r 1, aw 1, pat tot einde.

**4e ry:** pat tot laaste 3 ste, gl 1, r 1, tgso, r 1.

**5e ry:** Soos 3e ry.

**6e ry:** Soos 2e ry.

Herh laaste 6 rye nog 12(12; 13; 13) keer, daarna vir 3e en 4e grootte brei slegs 1e ry weer — 134(140; 140; 146) ste.

Brei reguit voort tot werk 20(21; 22; 23) cm lank is vanaf ste wat vir mou opgestel is, eindig na 'n 2e pat-ry.

Heg lossies af.

Met RK voor, heg garing aan oorbl ste vas, pat tot einde.

**1e ry:** Stel 96 ste op, pat tot laaste 3 ste, aw2 tes, r 1.

**2e ry:** aw 1, r 1, pat tot einde.

**3e ry:** pat tot laaste 2ste, aw 1, r 1.

**4e ry:** aw 1, r2 tes, pat tot einde.

**5e ry:** Soos 3e ry.

**6e ry:** Soos 2e ry.

Hou aan met vermin soos op laaste 6 rye en voltooi om ooreen te stem met eerste kant.

**HALSSTROKE:** Met RK voor, en 2,25-mm-breinaalde, tel op en r 72(76; 80; 84) ste af oor linkerhalsrand, 1 st van middel voor, dan 72(76; 80; 84) ste op oor regterhalsrand.

**1e ry:** r 1, aw 1 tot 2 ste voor middelste st, aw2 tes adl, aw 1, aw2 tes, (aw 1, r 1) tot einde.

Hou middelste st in ks, en vermin 1 st aan weersk van middelste st op elke ry. Brei 6 rye rif soos gestel. Heg af in rif, vermin soos tevore.

**MOUBOORDJIES:** Werk boonste mounaat toe, asook skouer- en halsstrooknate. Met RK voor en 2,25-mm-breinaalde, tel op en r 82(84; 86; 88) ste oor onderste rand van mou. Brei 13 rye rif en heg af in rif.

**AFWERKING:** Pars volgens aanwysings op papierbandjie van wolverpakking. Werk sy- en mounate toe.